

8 NOVEMBER 2020

Gr R tot Gr 3



Wat **kies** jy?

Josua 24:1-3a, 14-25

voorbereiding

Neem saam:

- Afdrukke van huisie aan einde van les
- Skértjies
- Inkleurkryte of potlode vir teken

OPENINGSGEBED:
vra vir een van die kinders om te open met gebed.

bid tyd

gesels tyd

Wie van julle hou van stories? Watter soort stories kry mens alles?
Gee die kinders geleentheid om te vertel watter soorte stories ken hulle alles?

Ons kry stories in storieboeke. Dan is daar stories op die TV. Ons kry ook

stories wat mamma of pappa vertel, sommige stories maak hulle self op en ander is goed wat regtig gebeur het.

Wie van julle se ouma's of oupa's vertel graag stories? Hulle begin mos so iets: *Toe ons kinders was, dit was nog voor die tyd wat daar televisie of selfone was... en dan vertel hulle stories wat ons monde laat oophang.*

Wie van julle se oumas en oupas vertel sulke stories?
Gee die kinders kans om van hulle stories te vertel.

Baie stories het lesse was ons kan leer. Ander stories help ons om dinge te verstaan. Ander help ons soms om keuses te maak.

Kom ons gesels oor keuses. Wat is 'n keuse? Dit is wanneer jy iets moet kies. Dis dalk makliker om te kies of jy graag koeldrank of water wil hê, maar moeiliker as jy moet kies of jy eerder 'n nuwe fiets of 'n groot partydjie vir jou verjaardag wil hê. Wanneer ons keuse maak,

moet ons ook die gevolge of verantwoordelikhede van ons keuse dra. Dit beteken maar net dat as ons iets kies, moet ons dit wat ons gekies het aanvaar met alles wat daarmee saam kom. Byvoorbeeld as ek 'n nuwe fiets kies vir my verjaarsdag, gaan ek elke dag met die fiets kan ry, maar dalk nie op my verjaardag baie maatjies by my kan hê nie. Of as ek 'n groot partytjie kies, gaan ek nie 'n fiets kry nie en dan moet ek daarmee ook tevrede wees.

Kom ons speel 'n spelletjie van keuse:

Indien daar 'n stel trappe naby is, speel klippieskool. Laat die kinders in 'n ry op boonste trappie sit. Een kind staan voor die ander met 'n klippie in sy of haar hand. Die ander moet almal kies in watter hand dink hulle is die klippie. Sodra almal 'n hand gekies het, wys die leier watter hand het die klippie ingehad. Almal wat reg gekies het, mag na die volgende trap aanbeweeg. Maar almal wat verkeerd gekies het, moet bly waar hulle is. Speel tot iemand deur al die trappies beweeg het.

Soms kies ons reg en kan ons voorentoe gaan, en soms is ons verkeerd en bly net waar ons is.

Hierdie liedere is slegs voorstelle.
Sing gerus iets wat meer bekend is.

Liedjie: Dis so lekker om die Here te dien

Dis so lekker om die Here te dien x4
Dis so le-e-e-ekker
Dis so lekker om die Here te dien
Dis so le-e-e-ekker
Dis so lekker om die Here te dien

Dis so swaar om jou laste te dra x4
Dis so swaa-aa-aa-aar
Dis so swaar om jou laste te dra
Dis so swaa-aa-aa-aar
Did so swaar om jou laste te dra

Maar dis so lekker om die Here te dien...

Liedboek 543 Here Jesus, ek is klein

Here Jesus, ek is klein
Maak U self my lewe rein
Laat ek altyd van U leer
Laat ek grootword tot U eer
O Jesus, neem my
O Jesus, lei my
O Jesus, sterk my
En vorm my tot U eer

gesels tyd (vervolg)

sing tyd

BYBEL tyd

Moses het die volk Israel gelei toe die Here hulle uit Egipte uit laat trek het. Hulle het 40 jaar in die woestyn rondgetrek en baie lesse in die tyd geleer. Hulle was baie lief vir die Here, maar het ook baie keer verkeerde keuses gemaak wanneer hulle kwaad of moeg was. Soms het hulle ook afgode aanbid. 'n Afgod is iets wat hulle kon sien soos 'n beeldjie, maar

wat hulle niks kan help nie, want net God kan mens help. Elke keer wanneer die volk Isarel hulle oë van God afgehaal het en die afgode gedien het, het dit baie sleg met hulle gegaan. En dan wanneer hulle besef hulle het verkeerd gekies en vir God jammer gesê, dan het God hulle vergewe en vir hulle weer 'n kans gegee om Hom te dien.

Josua was baie lief vir die Here en toe Moses dood is, het hy die nuwe leier van Israel geword. Hy het hulle in die beloofde land ingelei en vir hulle steeds van God geleer.

Op 'n dag het Josua die volk bymekaar geroep en vir hulle die land gewys waar hulle getrek en gewoon het. Hy het vir hulle herinner dat hulle voorvaders baie maal verkeerde keuses gemaak het en gekies het om afgode te dien. En dan daag Josua die mense uit om vandag 'n keuse te maak, maar hulle moet mooi dink. Hulle moet kies of hulle vir God wil dien, of afgode dien?

Kom ons lees hiervan.

Lees vir die kinders voor uit Josua 24:14-25

Josua was lief vir God. Hy en sy familie het gekies om God te dien. Maar hy vra die volk om self te kies. Hy herinner hulle ook daaraan dat God nie tevrede is as ons Hom en afgode wil dien nie. Jy kan nie 2 gelyk aanbid nie. Jy kies of vir God of teen Hom.

Die volk het gesien hoe sleg dit met hulle gegaan het wanneer hulle afgode aanbid het en daarom kies hulle om te doen wat God vra en Hom alleen te dien.

Die Here het hulle ook geseën. Solank as wat die leiers van die volk gelewe het wat vir God gekies het, het dit goed gegaan met die Israëliete.

Ons moet ook die keuse maak: Gaan ons lief wees vir God en Hom aanbid, of gaan ons teen Hom kies en afgode aanbid. 'n Afgod is nie net 'n beeldjie nie, dit is enige iets wat vir ons belangriker is as wat God vir ons is.

Wanneer jy vir enige iets lief is as vir God, moet jy dit voor die Here bely en jammer sê en vra dat Hy jou sal vergewe. Ons moet in alles wat ons doen vir ander wys dat ons vir God die liefste het.

doen & leer tyd

Ek en my huis, ons sal die Here dien!

Deel vir die kinders die huisie templaas uit en laat hulle dit uitknip. Die idee is dat dit 'n huisie is wat oopvou. Vou op die stippel lyne dat die huisie toe maak. Skryf buit op die huisie die volgende: Ek en my huis... En aan die binne kant: Ons sal die Here dien.


Laat die kinders dan hulle gesin in die huisie teken.

Herinner die kinders daaraan dat ons moet kies om God te dien.

Moedig die kinders aan om vir mamma en pappa te gaan vertel wat hulle vandag geleer het.

groet tyd

Dankie Jesus dat U vir my lief is. Ek kies om vir U lief te wees en U eerste te stel in my lewe. Amen



Ek en my huis, ons sal die Here dien!

Knip die huis uit en vou die kant toe. Teken jou gesin in die binnekant van die huis.

